Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God. Ons steek ook twee kerse aan om die Tweede Adventsondag te simboliseer.

TOETREDE:

Tydens Advent berei Christene van reg oor die wêreld hulle voor vir Kersfees. ‘n Geboortefees ~ Die Heiland is gebore. Ons is nie meer verlore! Hy is Vredevors! ~ Gesang 353: 1-3.

Dink bietjie oor die woorde Hy, die Vredekoning, versoen ons sondeskuld by God en deur sy gunsbetoning word liefde ook ons groot gebod.

VOTUM:

Die votum ego koning Nebukadneser se woorde toe hy besef God het Daniël en sy vriende in die brandende oond gered: Daar is geen ander god wat in staat is om te

red nie. Aan Hom die eer en aanbidding! ~ Daniël 3: 24-30.

SEËN:

Wat ons van Jesus geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet ons doen. En God wat vrede gee, sal by ons wees. – Filippense 4: 9.

LOFLIED:

Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God in die hoogste hemel ~ VONKK (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klasieke Kerkmusiek) VONKK 84: 1-3.

GELOOFSBELYDENIS: Markus 15: 33-41, 1983

Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur. Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani?” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat? Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy roep vir Elia.” Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in suur

wyn gesteek en dit vir Hom op 'n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.” Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur. Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.” Daar het ook vroue op 'n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses, en Salome. Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

GESPREK:

Die gedeelte wat ons gelees het, is asemrowend. In hierdie oomblik word die rigting van die geskiedenis gedraai. Daar is van hierdie oomblik af vir die mens redding.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

Hierdie oomblik eis ‘n geweldige prys van God. Ons hoor nog Jesus se woorde: My God, my God, waarom het U my verlaat? Jesus, vasgeslaan aan die kruis, ly vir my en jou. Ons word skoon gewas van sonde, ons verhouding met God word herstel, ons noem Jesus hiervoor Vredevors ~ want Hy het vrede gebring tussen ons en God.

GEBED:
Wees genadig, o Heer, spreek my vry. Neem my aan, o Heer, maak my vry. Leer my bid, o Heer, meer en meer. Leer my leef, o Heer, tot u eer ~ VONKK 180: 1-4.

WISSEL FORMULIER VIR DIE BEDIENING VAN DIE DOOP:

Gemeente van ons Here Jesus Christus!

God het ons lief en ons is sy kinders lank voordat ons van God bewus raak. Dit word deur die doop bevestig. Die doop is een van die kerk se twee sakramente. Dit gee

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

sigbaar uitdrukking aan God se verbond met ons. Die doop getuig dat ons deel het aan die liggaam van Jesus Christus op grond van sy versoeningsdood en die werk van die Heilige Gees. Die genade van God, die liefde van Jesus Christus en die gemeenskap met die Heilige Gees het betekenis vir ons hele lewe. Daarom doop die kerk kinders van God. Die doop van Joshua Grae le Roux herinner ons vandag opnuut aan ons eie doop.

Ons glo dat die Kerk die opdrag uit die evangelie het om mense in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop. Die doop in die Naam van die Vader getuig van ons nuwe verhouding met God. Die doop in die Naam van die Seun bevestig aan ons die verlossing deur Christus. Die doop in die Naam van die Heilige Gees is die waarborg dat die Gees van God in ons wil bly en voortdurend ons lewe nuut maak.

Die doop roep ons op om God lief te hê. Dit is belangrik dat gelowiges die betekenis van hulle doop sal uitlewe. Ouers en die gemeente moet daarom hulle kinders leer

wat die doop beteken. Ons kinders behoort in die lewe van die gemeenskap van gelowiges te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.

Jean-Jacques en Elanie le Roux word nou versoek om na vore te kom en hier in teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op die volgende vrae te antwoord:

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?

2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?

3. Belowe julle om Joshua te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop julle hoorbare antwoord?

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

Joshua Grae le Roux, ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

SEËNBEDE:

Ons sing die seënbede die ouers en dopeling toe ~ Gesang 268

DANKGEBED NA DIE DOOP:

Dankie, Here, dat ons as gemeente by hierdie geleentheid daarvan oortuig kan wees dat:

U as Vader ons liefhet;

U Seun ons red;

U Gees in ons harte woon.

Dankie, Here, dat ons opgeneem is in u verbond.

Dankie dat u Joshua aangeneem het.

Dankie dat ons deel kan wees van hierdie gemeente wat aan ons ‘n geestelike tuiste bied.

Dankie dat ons hier u evangelie kan hoor en gemeenskap met U en met mekaar uitleef.

Neem tog ons lof en aanbidding aan.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

Here, lei ons – en in besonder hom wat pas gedoop is – om altyd die warmte van u nabyheid te ervaar en altyd tot u eer te lewe.

Inspireer ons om altyd na ander uit te reik.

Vader, gee dat ons die betekenis van ons doop ons eie sal maak.

Jesus, Here, gee dat ons lewe van u verlossende teenwoordigheid sal getuig.

Heilige Gees, vervul ons sodat ander in ons lewe kan sien dat U ons lei en troos.

Ons bid vir die doopouers, gedoopte en die gemeente. Gee aan ons die krag en geleenthede om ons voorneme getrou na te kom.

Ons bid dat hierdie gedoopte tuis sal wees in die geloofsgemeenskap van Jesus Christus, die Here.

Amen

PREEK:

Paulus se brief aan die gemeente in Filippi is slegs 4 hoofstukke lank, maar onthou Paulus het nie die brief in hoofstukke en verse geskryf nie.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

Wie het die Bybel in hoofstukke verdeel?

Die Engelse geestelike Stephen Langton, wat later die Aartsbiskop van Kantelberg geword het, het blykbaar die hoofstukverdelings in die Bybel gedoen. Hy het dit vroeg in die 13de eeu gedoen, toe hy ’n dosent was by die Universiteit van Parys in Frankryk.

Voor Langton se dag het geleerdes geëksperimenteer met verskillende maniere om die Bybel in kleiner dele of hoofstukke te verdeel. Dit wil voorkom of hulle dit hoofsaaklik gedoen het vir verwysingsdoeleindes.

Wie het die verse bygevoeg?

Sowat 300 jaar later, in die middel van die 16de eeu, het die beroemde Franse drukker en geleerde Robert Estienne dit selfs makliker gemaak. Sy doelwit was om Bybelstudie gewild te maak. Hy het besef hoe nuttig ’n eenvormige stelsel sou wees waarin hoofstukke sowel as verse genommer is.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

In hierdie vier hoofstukke van Filippense word die woord vir vreugde/blydskap 16 keer herhaal. Ons kan inderdaad sê hierdie is Paulus se brief van vreugde en blydskap.

Dit is belangrik om te weet dat Paulus hierdie brief vanuit die tronk skryf. Ons is nie baie seker nie, maar ons dink hy was op hierdie stadium in Rome in die tronk. Hy wonder of hy vrygelaat gaan word en of hy in die tronk gaan sterf.

Ten spyte van sy haglike omstandighede ontplof ‘n lofsang van Paulus in hoofstuk 4: 4: Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

Volgens Paulus bepaal Jesus Christus ons vreugde en blydskap (want Hy is die Vredevors) en nie ons aardse omstandighede nie. Daarom word vreugde en blydskap God se opdrag aan elkeen wat Hom volg, ongeag ons omstandighede.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

Daar is selfs ‘n belofte van God. Vir die wat vreugde en blydskap leef ... God se vrede sal oor hulle harte en gedagtes kom. ‘n vreugde wat mense se verstand te bowe sal gaan.

Vandag vier ons die tweede Adventsondag – ‘n Sondag wat oor die jare in die kerk met vrede ingekleur word. Ons dink in ons voorbereiding vir Kersfees aan Jesus die Vredevors. Ons onthou die engele sing met Jesus se geboorte *vrede op aarde vir die mense in wie Hy ‘n welbehae het*. Op nog ‘n plek in die Bybel lees ons dat Jesus na sy opstanding aan onder andere sy dissipels verskyn het en dan sê Hy vir hulle: Vrede vir julle.

Ongelukkig leef ek en jy ook in ‘n wêreld wat gestroop is van vrede, vreugde en blydskap. ‘n Wêreld vol geweld, misdaad en oorloë.

Wat is vrede? Kom ons vra eers vir die Hand Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Hierdie woordeboek gee twee definisies: (i) die afwesigheid van

oorlog en konflik of (ii) die innerlike gevoel van rus en kalmte. Dit is baie duidelik dat Paulus die tweede verklaring in gedagte het: die innerlike gevoel van rus en kalmte se ten midde van oorloë en konflik. Ons omstandighede, onsekerheid en twyfel skep voortdurend konflik in ons binnestes. Paulus sê God se vrede het verseker nie te make met ons uiterlike omstandighede nie. God se vrede gaan oor ons verhouding met God en dit bepaal die manier waarop ons dink, praat en doen.

Hierdie jaar kan ons gedurende die Adventstyd ons self voorberei op Kersfees deur boodskappers van die Vredevors te wees. Ons moet die Vredevors se hande, voete en mond wees.

Ek en jy kan vreugde bring waar daar droefheid is, blydskap bring waar daar hartseer is, ons kan die wat moedeloos is opbeur, ons kan hoop praat waar daar hopeloosheid is, ons kan vrede maak met die mense met wie ek in onvrede leef, ons kan bid vir die wat nie die vrede van God ervaar nie.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

FILIPPENSE 4: 4-9:

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

SLOTSANG:

Gesang 348: 1-3 Stille na, heilige nag. Juig, die Redder is daar. Heer, gebore vir ons! Loof die hemelse kind! Loof die hemelse kind.

Tekste: Daniël 3: 24-30, 1983; Markus 15: 33-41.
Fokus teks: Filippense 4: 4-9, 1983.
Liedere: Gesang 353: 1-3; VONKK 84: 1-3; VONKK 180: 1-4; Gesang 268 x 4; Gesang 348: 1-3.

SEËNGROET:

Jesus die Vredevors het sy dissipels so gegroet: Vrede vir julle. Amen.

WEGSENDING:

Geliefdes baie dankie vir ons saamwees vanmore. Vrede vir die week wat voorlê. Kom drink ‘n koffie saam met ons, maar moenie dadelik opspring nie. Ek speel vir ons ‘n ander opname van Stille Nag. Bly vir so ‘n oomblik sit. Laat dit insink. Maak selfs jou oë toe en luister. Sing saam as jy wil. Staan op en gaan na die wêreld wanneer jy wil. https://www.youtube.com/watch?v=gyuXA9VV17A&list=RDrKGQIrKvu_o&index=2